

### Sing vooraf: Psalm 27:3 (p. 127)

- 3 In tyd van onspoed is U my bevryder; / U berg my in die skuilplek van u tent.  
Hoog, op 'n rots, staan ek bo my bestryder, / U het my pad deur dieptes heen gewend.  
Dus bring ek U my offers van geklank, / en sing, o HEER, u Naam 'n psalm van dank.  
O hoor my stem wanneer ek tot U skrei, / wees my genadig tog en antwoord my!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

### Lofpsalm 31:17 (p. 147)

- 17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot / aan my, sy gunsgenoot.  
Sy oog slaan my in liefde gade; / Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

### Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

### Vergifnis:

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

### Psalm 86:8 (p. 434)

- 8 Maar barmhartig en lankmoedig, / groot van goedheid en oovloedig  
in genade, en altoos trou / is die HEER wat my behou.  
Wend U tot my in ontferming, / red my, toon my u beskerming!  
Hoor my, HEER, 'n seun is dit / van u diensmaagd wat hier bid.

Skriflesing: 1 Samuel 15: 11, 29 en Jesaja 38

Teks: Jesaja 38:1, 5

**In dié dae het Hiskia dodelik siek geword; en die profeet Jesaja, die seun van Amos, het by hom gekom en vir hom gesê: So spreek die HERE: Gee bevel aan jou huis, want jy sal sterwe en nie lewe nie. (Jesaja 38:1 AFR1953)**

**Gaan sê vir Hiskia: So spreek die HERE, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed gehoor, jou trane gesien; kyk, Ek sal vyftien jaar by jou dae byvoeg, (Jesaja 38:5 AFR1953)**

In die tyd van die antieke heidendom het die mense 'n baie groot ereplek aan die mens se eie vermoëns gegee.

- Die mens se vernuf en die mate wat sy gees of sy verstand ontwikkel was, of sy kunssinnigheid, moes die beslissings in die lewe maak.
- Hierdie ontwikkelde mense se beslissings het dan so soort van voorgeskryf wat en hoe die godsdienste van die tyd moes wees, en hulle het selfs die gode uitgedink en ook hoe hulle afgode aanbid moes word.
- Nou is die eienaardige dat hierdie dinge vandag weer so begin word, en dat dit selfs in die Christelike godsdienste 'n baie sterk rol begin speel.

Ons behandel in hierdie preek die voorsienigheid van die Here en sy omgang met die skepping – en dan veral sy verhouding met die mens. Ons kyk na die volgende sake:

### 1. Die onbegrensde krag van God

## 2. Die geregtigheid van God

### 3. Ons vertroue in sy Vaderliefde

#### 1. Die onbegrensde krag van God

Daar is geen krag wat hom teen die Here kan verset nie.

- Die Here is so magtig dat Hy nie net heers oor letterlik alles wat bestaan nie, Hy bepaal selfs alles wat met elke ding in die hele skepping gebeur.
- Die Here Jesus leer ons dat tot die hare van ons hoof almal getel is, en dat nie eers een mossie doodgaan sonder dat God die Vader dit besluit het nie.

Terwyl dit deesdae in die sogenaamde postmodernisme al hoe meer oor die mens gaan en oor dit wat ons dink en besluit, moet ons kyk wat die Bybel leer van die manier waarop die Here met absolute mag oor die mense regeer.

- Sommige mense seën Hy sonder dat hulle iets besonder gedoen het.
- Ander straf Hy sonder dat dit lyk asof hulle juis iets besonder sleg gedoen het.
- Die Bybel leer ons dat God mense maak wat Hy liefhet, en ander maak Hy vir die verderf en bewaar hulle vir die oordeel (Romeine 9:22).

**En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het,** (Romeine 9:22 AFR1953)

Kom ons kyk na voorbeelde uit die Bybel.

- Toe die Here Moses geroep het, het die Here vir hom gesê dat Hy Farao se hart gaan verhard, sodat die Here sy wonders in Egipteland kan doen (Eksodus 7:3).

**En Ék sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig.** (Eksodus 7:3 AFR1953)

- Moses is toe Egipteland toe, en toe praat die Here weer met hom en vertel dat Hy nou Farao se hart verhard het (Eksodus 10:1).

**Verder het die HERE vir Moses gesê: Gaan na Farao toe, want Ék het sy hart verhard, ook die hart van sy dienaars, sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan verrig,** (Eksodus 10:1 AFR1953)

- In Romeine 9:17 gee die Here 'n terugblik op daardie geskiedenis. Hy openbaar dat Hy Farao verhard het sodat Hy in Farao sy krag kon toon en sy Naam oor die hele aarde kon verkondig.

**Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree, dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde.** (Romeine 9:17 AFR1953)

'n Mens kan God nie belieg of God se besluite verander nie.

- In die geskiedenis van Agan (Josua 7) openbaar die Here dat Hy heers oor die sondes van mense en dat Hy hulle uitdelg as hulle Hom belieg.
- Daarmee bring God terselfdertyd ander mense tot vrees en eerbied vir Hom.

Ons lees van die Hewiete dat hulle mense was wat alles in hulle lewe met wapengeweld gevat het.

- Die Here het hulle verhard sodat hulle in 'n oorlog met Israel betrokke sou raak, en toe het die Here hulle almal met die banvloek uitgewis (Josua 11:20).

**Want die HERE het dit so bestier dat hulle hul hardnekkig voorgeneem het om Israel te bestry, sodat dié hulle met die banvloek sou tref, dat daar vir hulle geen genade sou wees nie; maar dat dié hulle sou verdelg, soos die HERE Moses beveel het.** (Josua 11:20 AFR1953)

- Mens sou kon redeneer dat hierdie mense baie sleg en ongelowig was, en daarom moes die Here hulle uitroei – maar wat dan van Judas en van die Jode wat die Here Jesus gekruisig het?

Die Here het dieselfde gedoen toe Hy Absalom wou straf.

- Agitofel en Husai het al twee raad gegee – Agitofel se raad was goed en reg en Husai s'n was verkeerd.
- Dan staan daar hierdie woorde in die Bybel:

**Toe sê Absalom en al die manne van Israel: Die raad van Húsai, die Arkiet, is beter as die raad van Agitófel. Maar die HERE het dit beskik om die goeie raad van Agitófel te verydel, sodat die HERE die onheil oor Absalom kon bring.** (2 Samuel 17:14 AFR1953)

Iets baie dieselfde kry ons in die geskiedenis van Rehabeam toe die ryk in twee geskeur het.

- Die wyse raadgewers het hom van die regte raad bedien, maar hy het die raad van sy jong vriende gevolg.
- Hy het self die keuse gemaak, maar tog staan daar in die Bybel dat dit 'n beskikking van die Here was (1 Konings 12:15).

**So het die koning dan nie na die volk geluister nie, want dit was 'n beskikking van die HERE, sodat Hy sy woord sou vervul wat die HERE gespreek het deur die diens van Ahía, die Siloniet, tot Jeróbeam, die seun van Nebat.** (1 Konings 12:15 AFR1953)

In 2 Kronieke 21:16, 17 word beskryf dat die Here die gees van twee heidenvolke, naamlik die Filistyne en die Arabiere, opgewek het om Juda aan te val. Die Here het dit gedoen omdat Hy Juda wou straf.

**Toe verwek die HERE teen Joram die gees van die Filistyne en van die Arabiere wat langsaan die Kusiete is— hulle het teen Juda opgetrek en dit verower en al die goed weggevoer wat in die huis van die koning te vinde was, selfs ook sy seuns en sy vroue, sodat daar vir hom geen seun oorgebly het nie, behalwe Jóahas, die jongste van sy seuns.** (2 Kronieke 21:16-17 AFR1953)

Daar is 'n heeltemal ander voorbeeld in Romeine 1:24 en 28.

**Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te oonteer** (Romeine 1:24 AFR1953)

**En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie:** (Romeine 1:28 AFR1953)

- In hierdie gedeelte openbaar die Here dat Hy slegte mense oorgee aan hulle drange, sodat hulle onrein kan word.
- Daarna straf Hy hulle vir die sondes wat hulle doen. Dit maak mens nogal werklik bang as jy in 2 Tessalonisense 2:11, 12 lees dat die Here die krag van die dwaling onder sekere mense instuur sodat hulle die leuen kan glo.
- En dan gaan God hulle juis oordeel omdat hulle die waarheid nie geglo het nie.

**En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid.** (2 Tessalonisense 2:11, 12 AFR1953)

Daar is nog baie sulke voorbeelde wat uit die Bybel opgenoem kan word,

- *maar die belangrike saak wat uit almal van hulle duidelik is, is dat God die lewe van elke mens ten volle beskik.*
- *In sommige mense werk Hy dat hulle verander na sy welbehae, en ander laat Hy in sonde val sodat Hy hulle kan oordeel.*

## 2. Die geregtigheid van God

Wat moet ons van al hierdie voorbeelde sê wat ons so uit die Bybel opgenoem het? Dit:

- God laat Hom nie beheers of oorheers deur mense se denke en insigte nie.
- Hy laat Hom ook nie deur sogenaamde slim mense domineer nie.
- Hy kies swak en uiters ellendige mense en in sy genade verlos Hy hulle en maak Hy hulle heilig.

Is dit nie onregverdig nie?

- Nee. God het in sy regverdigheid besluit om 'n klomp mense te laat lewe wat eendag verlos gaan word en wat heilig sal wees, en
- om ander mense te laat lewe wat nie verlos sal word nie en wat Hy selfs sal bewaar vir die hel.

Ons het 'n paar voorbeelde uit die Bybel aangehaal waaruit dit duidelik is dat die mense almal God se raadsplan presies uitgevoer het, en toe gestraf geraak het.

- Tog kan ons nie ontken nie dat van die mense se kant af hulle hulle eie keuse gemaak het.
- Hulle het heeltewel eiewillig besluit wat hulle wou doen, soos byvoorbeeld Rehabeam, en is daarom ook regverdiglik deur die Here gestraf.

Die raad van die Here het dus, net soos die uitverkiesing, twee kante en twee partye wat daaraan deelneem.

- Daarom kan die mens die Here nie verwyts as die Here hom straf oor sy sondes nie.
- Solank ons net onthou dat al twee partye nooit iets anders doen as om die wil van God uit te voer nie.

Daar is nie een van ons wat dit in hierdie lewe sal kan verstaan nie.

- Daar is verskillende redes waarom ons dit nie kan verstaan nie, soos byvoorbeeld die feit dat ons in sonde ontvang en gebore word, en daarom al klaar met 'n stukke insig moet werk as ons die raad van die Here wil gaan bekyk.
- Verder is dit so dat die hele mensdom deurtrek is van een bepaalde sonde, en dit is verwaandheid.
  - Dit is juis die sonde waarmee die satan ons tot 'n val gebring het: *Julle sal soos God wees!*
  - Die effek van hierdie sonde is dat daar baie mense is wat met hulle eie voorskrifte na die Bybel toe gaan.
  - Hulle stel eise aan die Here waaraan Hy moet voldoen, anders is Hy onregverdig.
  - Sulke mense is nie gelowiges nie. Hoe hard dit ook al mag klink, dit is alleen die ware gelowiges wat hierdie dinge kan aanvaar en weet dat God regverdig is as Hy hierdie dinge doen.

Die feit bly in elk geval soos 'n paal bo water staan dat alle mense in sonde ontvang en gebore word, en dat almal onregverdig is.

- Daar is selfs nie eers een regverdige onder ons nie.
- Alle mense wat dus onder die straf van die Here beland, beland daar omdat dit regtens die plek is waar hulle hoort.

*Die wat verlos word, word enkel en alleen verlos op sterkte van God se barmhartigheid oor hulle in Jesus Christus.*

*Terwyl die wat verlore gaan, verlore gaan op sterkte van hulle sondes en ongeregtheid wat hulle self alles aangevang het.*

### **3. Ons vertrou in sy Vaderliefde**

As ons al hierdie dinge in die Bybel lees en ons sou ongelowig wees, sal dit ons tot raserny dryf. Want dit lyk asof die Here so hard en ongenaakbaar is. Maar dit is nie so nie. **Die Here is baie sag en bewoë in sy liefde oor alle mense, maar veral oor die gelowiges.**

Kom ons kyk na enkele voorbeelde wat vir ons in die Bybel neergeskryf is. In die gedeelte wat ons gelees het, is Hiskia siek tot die dood toe (2 Konings 20:1, 5).

- Dit was nie somer 'n gewone siekte nie, dit was 'n siekte wat deur die Here beskik was,
  - enersyds om Hiskia se geloof te beproef,
  - maar andersyds wou die Here die siekte gebruik om sy liefde oor hierdie koning te openbaar.

Die Here stuur Jesaja na Hiskia toe om vir hom te gaan sê dat die Here hom gaan laat sterwe.

- Hiskia was baie ontsteld oor die tyding en het roerend gebid en gehuil en gesmeek vir genade.
- Jesaja was nog nie eers uit die paleis uit nie, toe stuur die Here hom terug. Hy moet vir Hiskia gaan sê dat die Here hom nog vyftien jaar lank sal laat lewe.

As mens oppervlakkig lees, lyk dit asof die Here bereid is om sy raadsplan te verander ter wille van sy gelowiges.

- Dit is egter nie so dat die Here ooit sy raadsplan verander nie – die Here het hierdie boodskap deur Jesaja maar net gebruik om sy liefde aan Hiskia te openbaar.
- Die Here wou hom ook weer verseker dat Hy hom verhoor as hy bid.

Daar is meer plekke in die Bybel wat ons die indruk gee dat die Here bereid sou wees om sy raadsplan te verander as mense net bereid was om tot bekering te kom.

- Dink hier byvoorbeeld aan Jeremia 18:8 waar die Here sê dat Hy al die onheil wat Hy oor Israel beplan het, sal laat vaar as hulle net tot bekering wil kom.

**. . . maar as dié nasie waarom Ek gespreek het, hulle bekeer van hul boosheid, sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan was om hulle aan te doen.** (Jeremia 18:8 AFR1953)

- Die Here het natuurlik geweet dat hulle nie tot bekering sou kom nie, en daarom is hulle toe uiteindelik met die ballingskap gestraf.
- Maar Hy wou dit tog duidelik stel dat Hy so beweeglik is in sy liefde dat Hy sy plan sal verander as hulle tot bekering sou kom.

Daar is 'n plek waar die Here oënskynlik sy raad verander het, en mense gespaar het wat Hy bedoel het om te verdelg.

- Dink hier aan die geskiedenis van Nineve soos die Here dit laat opteken het in Jona 3:4 & 10.
- Jona het gepreek dat die Here die stad gaan verdelg as hulle nie tot bekering kom nie. Toe het hulle tot bekering gekom en is nie verdelg nie.

Die Here het nie sy raad verander nie, want die bekering wat daar in Ninive plaasgevind het, het net 'n klein rukkie gehou, en toe het hulle teruggeval in die heidendom.

- Daarom het die Here later die stad en sy mense ten gronde laat gaan soos wat Hy aanvanklik aangekondig het, want onbekeerdes kan nie op die liefde van die Here aanspraak maak nie.

Die keer toe Samuel vir Saul moes gaan sê dat die Here die koningskap van hom af gaan wegneem, het die Here gesê dat Hy berou het.

- **Toe het die Here berou gehad daarvoor dat Hy Saul koning gemaak het** (1 Samuel 15:11, 29).
  - U moet net nie dink dat die Here se berou dieselfde is as ons berou nie.

Ons berou is as ons jammer is oor 'n fout wat ons gemaak het, en ons dan voorneem om dit langs die weg van bekering weer reg te maak.

- Die berou van die Here is iets heeltemal anders.
- Dit is smart wat die Here beleef wanneer sy uitverkorenes in ongeloof verval.
- Dit is 'n woord wat uitdruk dat die Here bewoë is oor ons, en dat Hy in sy liefde altyd seer is as ons Hom verwerp.

Jesaja 14:27 sê baie duidelik dat die Here nooit van plan verander nie, maar dit beteken nie dat die Here koud en gevoelloos is en ver van ons af staan nie.

- Al die kere wat die berou van die Here beskryf, sê telkens net weer dat die Here in sy vaderliefde teer en naby ons bly.
- Die bewoënheid van die Here word ook bevestig deur die feit dat Hy in sy raad besluit het dat sy Seun moet sterf, sodat ons kan lewe.

Hy beeld dit ook profeties uit in die geskiedenis, byvoorbeeld in die sondvloedgeskiedenis.

- Die Here se smart oor ons sondes kom veral sterk uit in die sondvloedgeskiedenis (Genesis 6:6).

**. . . het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart.** (Genesis 6:6 AFR1953)

- Hier sê die Here ook dat Hy berou het dat Hy die mense gemaak het en dat Hy hulle gaan verdelg. Maar u moet weer gaan lees – **die Here het dit nie teen die feit dat Hy mense gemaak het nie.**

Hy het dit teen die feit dat hulle Hom nie wil dien nie, en totale sondaars geword het.

- Daarom maak die Here nie alle mense tot niet nie.
- Hy maak toe net die sondaars dood, en hy red agt gelowiges. Die doopformulier leer dat die Here ons in daardie daad al 'n heenwysing na die doop in die bloed van Jesus Christus gegee het.

Hierdie Christus moes kom sterf vir baie redes.

- Normaalweg onthou ons net dat die Here sy Seun gestuur het om vir ons te sterf sodat ons van sy straf verlos kon word.
- Maar hierdie Seun het ook gesterf om die absolute onveranderbaarheid van God se raad te bevestig.
  - Soos wat God sy raad bekendgemaak het by die skepping, net so voer Hy dit deur tot in ewigheid.

Jesus het ook gesterf om die heerskappy van God oor die mens te openbaar.

- Die Here verlos wie Hy wil, en die res laat Hy verlore gaan omdat hulle Hom nie aanbid het soos wat Hy aan hulle opgedra het nie.
- Teenoor die wat verlore gaan, bevestig die soendood van ons Here Jesus dat God die Vader se vaderlike liefde oor ons wat glo, onsluytbaar voortbestaan totdat Hy ons in sy ewige koninkryk hervestig.

**Amen.**

Slotgebed

Psalm 98:2 (p. 488)

- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldeindes gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!

Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 31 Mei 2009 (aanddiens)